

Hoofstuk 4.

Ekonomiese bedrywighede teen 1880.

4.1. Ontwikkeling en Uitbreiding.

Terwyl vroeë dokumente en verslae oor die bestaan van handelsbedrywighede in Potchefstroom, vir die eerste paar dekades na die aanleg van die dorp uiters skaars en onvolledig is, blyk dit egter uit ander gegewens dat Potchefstroom voor 1855 stadig en moeilik op ekonomiese gebied ontwikkel het. Die Potchefstroomdistrik was hoofsaaklik 'n landboustreek en die meerderheid boere in die omgewing het hulle toegespits op landbou en veeteelt. Weens 'n gebrek aan geld en gevestigde handelsaangeleenthede het boere hoofsaaklik net vir eie gebruik geproduseer. Winkels en nywerhede het as gevolg van swak verkeersweë eers aan die einde van die vyftigerjare hulle opwagting gemaak in die dorp.

Die betreklike isolasie waarin die Boere in Transvaal geleef het, is deur die owerheid terdeë besef en daar is na die handel opgesien om hierdie muur van isolasie af te breek (Pelzer, 1950, p.28). Die moeilike roetes en swak verkeerstoestande het grootliks bygedra tot die Boere se mislukking om regstreekse handelsbelange met die Portugese hawens daar te stel en te handhaaf. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die handel na 1851 nog uitsluitend deur of met die Kaap geskied het (Potgieter, 1958, p.60). Na 1855 het hierdie toestand aansienlik verander. Boere was in die gelukkige

posisie om oor handelsartikels te beskik wat slegs hulle aan die markte in die suide kon gelewer het. Dit was veral die produkte van die jagveld wat vir boere 'n groot ekonomiese bate was. Hierdie produkte het handelaars uit die suide gelok en sodoende die handel met die suide verstewig.

Gelyktydig met die vordering op ander dorpsterreine het die sakelewe ook vooruitgegaan. Aan die begin van die sestigerjare was daar 15 vername winkels en 'n aantal kleiner winkeltipes in besigheid. Van die vernaamste winkels was die van A. Forssman, Algemene Handelaar; C. Landsberg, Slagter; F.W. Reid, Algemene Handelaar; R. Harris, Blikslaer; C.C. Brand, Algemene Handelaar; M.J. Otto, Slagter; B. Proes, Advokaat, Prokureur en Algemene Agent; E. Mooberg, Looier en Valser; J. Spruit, Prokureur en Algemene Agent; C. Bosman, Slagter; M.A. Goetz, Algemene Handelaar; J.P. Louw, Algemene Agent (Pelzer, 1950, pp.177 - 178; Staatscourant 1860). Hierdie winkels het 'n lewendige handel met handelaars en boere in die omgewing gevoer. Die ekonomiese vooruitgang is verder geïllustreer deur die aantal wavragte wat hulle weg na die mark gevind het. In 1866 het 292 wavragte handelsware Potchefstroom aangedoen teenoor die 208 vragte vir die res van Transvaal (E.H. Jenkins, 1939, p.272).

Na 1870 het die ekonomiese struktuur van Potchefstroom 'n nuwe fase betree soos blyk uit die aantal handelslisensies wat in die loop van dié jaar uitgereik is naamlik 62 winkel-; 11 bouers-; 17 slagters-; 23 smous-; 32 drank-;

4 afslaers-; 3 prokureurs- en 4 Bakkerslisensies. Vanaf die datum tot aan die einde van die sewentigerjare sou Potchefstroom 'n belangrike rol speel in die ekonomiese lewe van Transvaal en het by die ekonomiese opbloei, wat na die ontdekking van goud en diamante gevolg het, gebaat. Benewens die vooruitgang wat goud en diamante tot gevolg gehad het, het Potchefstroom ook die voordeel gehad dat hy as voormalige hoofstad van Transvaal, die bekendste van al sy dorpe in die binneland en buiteland was. So 'n toestand het die handel begunstig en Potchefstroom se handelsbedrywighede was nie net beperk tot die binneland nie maar het gestrek tot by kusdorpe in die suide. Wavragte handelsware het hulle afsetgebied in die Kaap en Natal gehad terwyl vragte handelsware vanaf dié gebiede Potchefstroom aangedoen het op hulle weg verder die binneland in (Holub, 1881, p.166).

Al die gunstige faktore hierbo genoem het daar toe bygedra dat Potchefstroom 'n georganiseerde handelslewe verkry het en teen 1880 'n selfstandige handel- en nywerheidsentrum was vanwaar 'n florerende handel in meer rigtings as net met die Kaap gedryf is.

4.2. Die invloed van diamante en goud op die Potchefstroom ekonomie.

Die ontdekking van diamante en goud gedurende die tydperk 1867 tot 1880 het die ekonomie van die Suid-Afrikaanse Republiek en dus ook van Potchefstroom sedert 1870 oorheers. Die dorp sou daardeur gedurende die dekade voor die uitbreek

van die Eerste Vryheidsoorlog ongekende ekonomiese opbloei beleef. Die ontdekking van goud en diamante het 'n ekonomiese omwenteling op die gebied van handel, invoer en vervoerwese tot gevolg gehad. Die ekonomiese swaartepunt het van die landbou na die goud en diamantbedryf verskuif en buitelandse kapitaal het die Republiek ingestroom. Binne-landse markte is geskep wat die landbou en veeteelt gestimuleer het en nuwe werkgeleenthede is op die goud en diamantvelde geskep wat aanleiding gegee het tot groter koopkrag.

Finansieël en ekonomies het die ontdekking en ontginning van goud en diamante groot voordele vir Potchefstroom meegebring. Dit het 'n totale omwenteling teweeggebring in die bestaan van die boer wat tot op dié stadium hoofsaaklik vir eie gebruik geproduseer en ruilhandel gedryf het. Voortaan sou hy vir die dorpsmark wat hoë pryse gebied het produseer.

4.2.1. Die ontdekking van diamante.

Die ontstaan van Kimberley so na aan die Transvaalse grens het 'n ongeëwenaarde geleentheid gebied vir die mense van die Potchefstroomse distrik om hul landbouprodukte daar van die hand te sit. Al die monde op die diamantvelde moes gevoed word en Potchefstroom het spoedig 'n aktiewe handel met die velde aangeknoop en boere het onmiddellik 'n mark vir hulle produkte gevind onder die avonturiers wat daarop uit was om 'n fortuin te maak. Wavragte produkte vanaf Potchefstroom het hulle bestemming gevind op die Kimberleyse mark wat nie

self tot vars voedselproduksie in staat was nie. Al Potchefstroom se uitvoerartikels soos tabak, velle, ivoor, vleis, meel en varsprodukte het hulle weg daarheen gevind en is teen redelike pryse van die hand gesit.

Die dorp self het ook gebaat by die ontdekking van diamante. Aan die einde van die sestigerjare en begin sewentigerjare het Potchefstroom 'n belangrike haltplek vir delwers en delwersuitrusting op weg na die diamantvelde geword alhoewel Klerksdorp vanaf 1871 vir hom kompetisie geword het. Laasgenoemde was nader aan Kimberley geleë en Thomas Leask, 'n Engelse handelaar, het 'n goedingerigte handelwinkel met voorrade vir jagters en delwers in die dorp opgerig (Tabler, 1955, p.18).

4.2.2. Die ontdekking van goud.

'n Verdere stimulus was die ontdekking van goud in Oos- en Sentraal Transvaal sedert 1870. Groot getalle delwers buite die Republiek en van oorsee het hulle in die gebiede begin vestig. Die weë na die goudvelde het geleei vanaf Lourenco Marques (vandag Maputo), Durban, die Kaapse hawens en Kimberley (Van den Bergh, 1975, p.110) en Potchefstroom was in die opsig 'n deurgang vir delwers vanuit die suide. Op die goudvelde het nuwe delwerskampe verrys en tot klein dorpies gegroeи wat 'n behoefté aan besigheidsondernemings van allerlei aard geskep het. Binne enkele maande het 'n groot afsetgebied vir landbouprodukte in die dorpies ontstaan en wavgte lemoene, gedroogte vrugte, tabak, meel, biltong, velle

en brandewyn het in die daaropvolgende maande Potchefstroom verlaat, alles vir die gouddelwerye. Ou gebaande sendeling en jagroetes na die noordre het skielik weer tekens van ekonomiese belangrikheid getoon. Handelsverkeer deur Potchefstroom na die diamant- en gouddelwerye het van die dorp 'n belangrike haltpiek gemaak en na die proklamasie van die Klerksdorpse delwerye in die laat tagtigerjare sou hierdie deurtog van delwers deur Potchefstroom vergroot. Besoekers wat Potchefstroom in die vroeë sewentigerjare besoek het, is dit eens dat die ontdekking van diamante en goud die sakelewe en handel van Potchefstroom in dié dekade gestimuleer het en daartoe bygedra het dat die sakelewe op die voorraand van die Eerste Vryheidsoorlog op 'n florerende basis berus het (Holub, 1881, p.166; Tabler, 1955, pp.18 - 19).

4.3. Besighede, Hotelle en Banke.

Handel was ongetwyfeld die ekonomiese spil van die dorp (Haasbroek, 1955, p.28). In die proses om die handel te stimuleer en uit te bou het die Boeren- Handelsvereniging, wat sy hoofkantoor in Potchefstroom gesetel gehad het, 'n belangrike rol gespeel. Hierdie organisasie het hom beywer vir die oprigting van besighede in Potchefstroom en elders in die Republiek (De Volkstem, 23 Maart 1880).

Vanweë Potchefstroom se ligging aan die suidelike randgebied van die Republiek, was dit soos reeds vermeld, uit die suide makliker bereikbaar as enige ander plek sodat groot

handelsondernemings in die Kaapkolonie en selfs Natal, daar takkantore geopen het (Pelzer, 1950, p.178). Hierdie stap het die gesonde vooruitgang van die ekonomie verseker en bygedra tot die opening van 'n groot aantal sakeondernemings in Potchefstroom.

Wanneer die verskillende besighede ontstaan het en hoe lank elkeen met sy besondere bedryf voortgegaan het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. 'n Beskrywing van enkele besighede in die dorp teen 1880 kan in 'n mate 'n aanduiding gee van die volume handel wat gedoen is in die ou hoofstad van Transvaal.

Een van die bekendste besighede was die van kavalier Forssman. Hy was 'n leidende handelaar in Potchefstroom en het uitgebreide sakebelange in en buite die dorp gehad. Benevens enkele besighede in die dorp was Forssman ook die eienaar van 'n aantal plase in die distrik (Rosenthal, 1963, p.65). Sy Besigheid het reeds so vroeg as 1857 bestaan want in die jaar adverteer hy dat sy bestaande groot-voorraad met nuwe voorrade wat direk uit Europa ingevoer is, maandeliks aangevul word. Uit sy pakhuis kon 'n groot verskeidenheid van algemene verbruksartikels bekom word.

Mans- en damesklere, hoede en skoeisel en materiale van allerlei aard is maar enkele voorbeelde van artikels wat voornemende kopers kon bekom. Kombuisgereedskap het ware ingesluit soos messe en vurke, bekers, blikskottels, broodpanne en blikborde. Vir die boer was daar selfs Amerikaanse

ploeë, byle en verskillende houtsoorte om van te kies. Porseleinware soos skottels, borde, bekers en koppies en pierings was eenkant uitgestel en het groot aftrek onder die verfynde dame gekry.

Die kruideniersware het benewens plaaslike produkte soos meel, konfyt, biltong en botter ingevoerde luukshede soos rys, suiker, koffie en tee ingesluit. Forssman was daarvoor bekend dat hy nie net van die buiteland ingevoer het nie maar ook plaaslike produkte soos wol, velle, ivoor, volstruisvere en botter na die suide uitgevoer het (De Transvaal Argus, 29 Mei 1966).

Die handelsartikels wat in hierdie stoor te koop was kan as verteenwoordigend beskou word van al die besighede in die dorp se voorraad.

Die besigheid van Reid was op die hoek van Kerk- en Potgieterstraat geleë en was een van die oudste en bekendste winkels in die dorp. Die winkel het reeds teen 1850 bestaan en Reid se eie handelsmerk naamlik "Koodoo" het op 'n groot aantal artikels soos biltong, tabak, whisky en skoene voorgekom (E.H. Jenkins, 1939, p.282).

Hollins en Holder se winkel wat langs die winkel van Reid geleë was, het hulle ingestel op die aankoop van produkte soos tabak, mielies en wol. Daarby het die winkel homself as een van die goedkoopste winkels in Potchefstroom beskryf. (De Transvaal, 1 Maart 1879).

Die onderneming van J.R. Schikkerling het hom meer toege-spits op die verkoop van landboutoerusting en algemene meganiese gereedskap. Hy was ook die verhuurder van die jongste boerdery bate naamlik stoomdorsmasjiene vir die maal van alle graansoorte.

Enkele ander handelaars wat ook bekend was in Potchefstroom is De Algemene Boerenwinkel, De Nationale Boerenwinkel, Glen A. Scorgie, G. Rocher en R. Daly (E.H. Jenkins, 1939, p.281).

Die gesonde sakelewe van Potchefstroom verklaar waarom die pers so goed in die dorp gevestig was. Die plaaslike koe-rantjie, De Transvaal onder redakteurskap van J.P. Borrius, het deur middel van advertensies en berigte die handel in Potchefstroom aangemoedig en bekend gestel onder die dorpe-naars (Vgl. Maart 1879).

Gelyktydig met die ekonomiese vooruitgang het ook sosiale vooruitgang plaasgevind. Sedert George Coulson die Royal Hotel in 1860 geopen het, het die dorp verskeie hotelle bygekry (Kuijers, 1980, p.180). Van die bekendste hotelle teen 1880 was egter steeds die Royal en die Blue Post. Al-bei was gelisensieerd om drank te verkoop en het groot byval onder delwers en handelaars gekry wat die dorp besoek het.

Die ontdekking van goud en diamante het n toename in geld-omloop gebring en sodoende n ontwikkeling in die bankwese uitgeoefen. In 1877 het die eerste banke hulle deure in

die Suid Afrikaanse Republiek geopen (Van Jaarsveld, 1976, p.181). Teen 1880 het die Kaapse handels- en Standardbank takkantore in Potchefstroom gehad. Hierdie banke het die finansiering van saketransaksies afgehandel en kredietverskaffing aan voornemende leners beskikbaar gestel.

Die besighede, banke en hotelle wat hierbo bespreek is dui die vooruitgang wat Potchefstroom sedert aanleg in 1841 ondergaan het, duidelik aan. Opvallend dat nie net vooruitgang uit hierdie gegewens blyk nie maar ook die feit dat die sakelewe, in teenstelling met die toestand in 1860, al meer in die hande van die Engelse oorgegaan het. Reeds vroeg in Potchefstroom se geskiedenis was daar 'n sterk Engelse element aanwesig en in 1860 het reeds een derde van die sakeondernemings in die dorp aan Engelse behoort (Haasbroek, 1955, p.31). Daar het aanvanklik antipatie teenoor die Engelse handelaars geheers en hulle is as Britse politieke agente bestempel (Pelzer, 1950, p.211). Om hierdie rede is Engelse asook ander vreemdelinge verbied om grond buite die dorp te besit (sien p.33). Gevolglik het die Engelse immigrante hulle in die dorp gehuisves waar hulle hulself sterk op die handel toegelê het terwyl Afrikaners grotendeels boere gebly het (Van Jaarsveld, 1976, p.180). Die Engelse was handelaars en dorpenaars wat veroorsaak het dat al die Engelse elemente hulle op Potchefstroom bevind het en dat die handel teen 1860 oorwegend in Engelse hande was.

Die toestand het sy voordele vir die sakelewe van die dorp

ingehou. Potchefstroom was die naaste dorp aan die Britse kolonies en aangewese toegangsweg vir handel uit die suide. Die Engelse handelaars was op hulle beurt in direkte of indirekte verbinding met kantore in Natal en Port Elizabeth en het 'n gereelde handelsverkeer met die gebiede verseker (Lion Cachet, 1898, sien voetnoot, p.389). Van hierdie plekke is artikels soos ivoor, wol, velle, volstruisvere en ander uitgevoer.

4.4. Markbedrywighede teen 1880.

Wat die markbedrywighede betref het markraporte so onvolledig bewaar gebly dat ons tot 1857 maar net 'n onvolmaakte beeld van die gebeure daar kan kry. Seker is egter dat van al die dorpe in Transvaal, Potchefstroom in daardie stadium die grootste handelsbedrywighede beleef het, terwyl dit uit beskikbare gegewens blyk dat daar altyd 'n lewendige aanvraag na varsprodukte op die mark was en boere gevolelik altyd 'n afsetgebied vir hulle produkte gekry het (Pelzer, 1950, pp.177 - 179). Die vernoomste produkte waarin handel gedryf is was koring, wol, ivoor, volstruisvere en brandhout. Dit was veral brandhout wat in aanvraag was en die artikel het oor die algemeen 'n goeie markwaarde gehad (De Volkstem, 1 April 1876).

'n Beeld van prysstygings blyk uit 'n vergelyking tussen pryse wat tussen 1857 en 1860 vir handelsartikels op die Potchefstroomse mark betaal is.

November 1857		Julie 1860
Botter	Rds 0-4-0	Rds 0-5-0
Koring	Rds 14-0-0	Rds 18-0-0
Tabak	Rds 0-3-0	Rds 0-5-2
Velskoene	Rds 4-0-0	Rds 4-4-0

(Pelzer, 1950, p.179).

Gedurende die tydperk Maart tot April 1858 was daar op die Potchefstroomse mark meer as 62 waens en produkte ter waarde van £390 is in die tydperk verkoop (Potgieter, 1958, p.94). Dit wil blyk asof daar teen die einde van 1860 n toenemende handelsverkeer na die Potchefstroomse mark bestaan het.

4.4.1. Markdae.

Markdae was allerweë as 'n groot geleentheid beskou onder die dorpenaars en was gewoonlik gekenmerk deur bedrywigheid. "Geen dag uitgezonderd, of er zijn een menigte van wagens ter markt" (Staatscourant, 1 Julie 1959). Aan hoof van die mark het die markmeester gestaan en kragtens regulasies deur hom uitgevaardig, kon mense reeds vanaf 22 Januarie 1859 op weeksdae soggens tussen 08h00 en 10h00 en in die namiddag tussen 15h00 en 16h00 daar sake gedoen het. Op Sondae en feesdae was die mark gesluit en is geen handel gedryf nie (Staatscourant, 2 Mei 1865). Dit was veral tydens nagmaalfeeste dat die mark op sy bedrywigste was. Met sulke geleenthede het boere vanoor die hele Potchefstroomdistrik

in die dorp saamgetrek nie net vir nagmaal nie maar ook om terselfdertyd handel op die markplein te dryf.

Die mark het aan boere die geleentheid gebied om hul varsprodukte, waarvoor daar altyd 'n aanvraag op die dorp was, van die hand te sit. Benewens die boere het dorpenaars met die aanbod van produkte soos eiers, botter en melk self meegeging op die mark. Naas plaasprodukte het die boere ook die uitvoerhandel voorsien van volstruisvere, wol, vere, tabak en ander uitvoerartikels. Markdae was ook geleentheid vir die boere om self plaasbenodigdhede en huishoulike voorrade aan te skaf.

4.4.2. Handelsartikels.

Uit markraporte blyk dit dat die volgende handelsartikels in 1850 op die Potchefstroomse mark uitgestal was naamlik:

Graangewasse:	Mielies, koring, hawer.
Vee:	Skape, beeste, perde, varke.
Vrugte:	Spanspekke, waterlemoene, perskes, druwe, vye asook okkerneute en amandels.
Groente:	Bone, aartappels, erte, pampoene, uie, kool, wortels, patats.
Pluimvee:	Eende, makoue, kalkoene, hoenders.
Verwerkte produkte:	Tabak, biltong, kaas, botter, spek, konfyt, beskuit, meel, vet, wol, velle (skaap en wol), gedroogte perskes.

Jagprodukte: Ivoor, rou velle, sole, tabaksakke, knapsakke, rieme, swepe, stroppe, sambokke, velskoene, karosse (Pelzer, 1950, p.183). By die huisvrou het daar 'n groot aanvraag na ingevoerde kruideniersware soos koffie, tee en suiker bestaan.

Die jagveld het handelsartikels in die vorm van horings, karosse en swepe opgelewer maar veral drie artikels het weens die besondere prys daarvan aanleiding gegee tot 'n lewendige handel met die binneland. Dit was volstruisvere, ivoor en wol wat elk oor 'n goeie markwaarde beskik het.

4.4.2.1. Volstruisvere.

Reeds teen 1860 het daar 'n groot aanvraag na vere bestaan. In die daaropvolgende jare is 'n groot aantal volstruise doodgemaak en is groot hoeveelhede volstruisvere na die seehawens uitgevoer om daarvandaan na Engeland verskeep te word (Potgieter, 1958, p.85).

4.4.2.2. Wol.

Wol en ivoor, twee van die vernaamste uitvoerprodukte het reeds teen 1880 'n gevestigde mark op Potchefstroom gehad. Wol is reeds in 1860 na Natal en Delagoabaai uitgevoer en die waarde van die wol wat op die Potchefstroomse mark verkoop is tussen November 1858 en April 1860 het £2000 beloop.

4.4.2.3. Ivoor.

Waar die ivoorhandel vroeër veral deur die Oos-Transvaalse gemeenskap verhandel is, het Potchefstroom in die sewentigerjare n groot deel van die handel gevoer. Alhoewel die herkoms van die ivoor nie nagespoor kan word nie is dit egter bekend dat wavragte daarvan op n keer verhandel is. Die aanvraag was so omvangryk dat groot hoeveelhede opgekoop is nog voordat dit vir veiling aangebied was. Tot 1250 kg is weekliks op die mark verhandel. Skynbaar kon die aanvraag nooit versadig word nie want plaaslike koerante het steeds advertensies van Reid en Forssman geplaas waarin goeie prys vir die kosbare artikel aangebied is (Transvaal Argus 29 Mei 1866). Naas hierdie florerende handel in die vere, ivoor en wol het velle ook goed verkoop terwyl daar vandag geen teken van hierdie handel meer in Potchefstroom bestaan nie.

Plaaslike handel het gewentel om die koop en verkoop van varsprodukte, tabak en perde. Daar was nie n groot plaaslike aanvraag na slagvee nie omdat die dorp n relatiewe klein bevolking gehad en die dorpenaars meestal self vee aangehou het. Daarby was wildsvleis maklik bekomaar en die prys van alle soorte vleis in slaghuisse was betreklik laag gewees. Tabak het egter nie net plaaslik nie maar ook in die buiteland groot byval gevind. Gepakte bale en gesnyde tabak het hulle weg na London gevind (E.H. Jenkins, 1939, p.282).

Uit die tabel hieronder kan 'n duidelike beeld van markpryse op die Potchefstroomse mark in 1879 verkry word.

	£.	s.	d.	tot	£.	s.	d.
Aartappels per mud	5	0		tot	10	0	0
Kafferkoring per mud	1	3	0	tot	1	5	0
Kalk per mud	7	6		tot	9	0	0
Koring per mud	2	10	0	tot	3	0	0
Meel per mud	2	12	6	tot	3	0	0
Mielies per mud	1	10	0	tot	1	14	0
Mieliemeel per mud	1	11	0	tot	1	15	0
Uie per mud	6	0		tot	10	6	
Sout per mud	1	10	0	tot	1	16	0
Eende per stuk	1	6		tot	2	0	0
Balke per stuk	13	9		tot	16	0	0
Velle per stuk	4	0		tot	9	0	0
Tabak			5	tot			7½
Wol			4	tot			5
Hout per vrag	1	0	0	tot	2	7	6

(De Transvaal, 1 Maart 1879)

4.5. Transportry.

n Essensiële element in n relatiewe klein bevolking met verafgeleë markte was transportry. Negosiesmouse wat lang togte met wavragte klerasie en kruideniersware in Transvaal onderneem het, het geleidelik minder geword en is vervang

deur gereelde togryers wat in diens was van handelaars in Potchefstroom. Die vervoerbehoefte van gevestigde handelaars het aanleiding gegee tot die nuwe beroep. Transportry het aan baie inwoners van Potchefstroom n gereelde inkomste verskaf en het bygedra tot die ekonomiese welvaart van die dorp (Pelzer, 1950, p.178). Eienaars van besighede het een of twee sulke agente gehuur of in diens geneem en met produkte die Potchefstroomse distrik ingestuur. Ossewaens was swaar gelaai met handelsartikels en het van die een plaas na die ander getrek om produkte van die hand te sit. Ander gebruik vir transportryers was om op te tree as handelsverteenwoordigers van die groter besighede in Potchefstroom, in die meer onmiddellike omgewing van die dorp.

Met bykomende sorge soos droogtes, veesiektes en swak verkeersweë het vervoerkoste algaande gestyg sodat transportry gelyktydig begin afneem het. Tot op daardie stadium het dit egter verseker dat besighede n gereelde afset vir produkte gehad het.

4.6. Die Meulebedryf.

Die Potchefstromers se pogings om die sakelewe te stimuleer het in 1863 reeds geblyk in die oprigting van n koringmeule. Die doel was nie slegs om die plaaslike bevolking te bedien nie, maar ook om ander handelaars daarheen te lok en die sakelewe daardeur te stimuleer. H.H. Hendrikz het in 1863 n skrywe aan landdros Bodenstein gerig waarin die noodsaaklikheid van n koringmeule gestel word (Haasbroek, 1955, p.56).

Die aansoek vir die oprigting van so 'n meule is in 1864 goedgekeur deur die landdroskantoor en teen 1868 was die meule in bedryf. Teen 1880 was daar nie minder nie as vier watermeulens langs die Mooirivier geleë. Benewens die meul van H.H. Hendrikz was die ander drie meulens in besit van M. Stamps, J. Croeser en C. Rocher en P. Rickett (E.H. Jenkins, 1939, pp.276 - 277).

As gevolg van die standhoudendheid van die rivier kon die meulens dwarsdeur die jaar diens lewer en het ongetwyfeld bygedra om die handel van Potchefstroom te stimuleer. Om stapelvoedsel soos pap en brood voor te berei was 'n meule absoluut nodig en mense het van sovér as Rustenburg hulle koring daar gaan maal. Met dieselfde meulens het inwoners mielies gestamp en hout gesaag. Sakeondernemings in die dorp het veral baat gevind by besoekers wat van vêr gekom het om hulle koring daar te maal.

4.7. Soutbedryf.

Potchefstroom het nie net finansiële voordeel uit die handel gekry nie maar ook uit die soutpanne wat in die Potchefstroomse omgewing geleë was. Soutpanne was aan die Schoonspruit geleë gewees en in 1873 is tenders gevra vir die huur van soutpanne nadat dit reeds ses maande vantevore aangevra is (Staatscourant, 2 Januarie 1873). Dit blyk hieruit asof dié belangstelling in die soutbedryf nie te groot was nie.

4.8. Omvang van die ekonomie teen 1880.

Daar bestaan geen twyfel oor dat Potchefstroom teen 1880 'n onafhanklike, georganiseerde handelsentrum was, waarvandaan 'n florerende mark daagliks, behalwe Sondae en feesdae, bedryf is en waar handelsprodukte goed ondersteun is. Nuwe besighede en sakeondernemings het steeds verrys en inwoners het in die ekonomiese voorspoed gedeel aangesien lewenskostes op daardie stadium nie baie hoog was nie. "In fact, tastes were not elaborate, and the cost of living, presented no great hardship" (E.H. Jenkins, 1939, p.277).

Ekonomiese bedrywighede het tydelik tot stilstand gekom met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in Potchefstroom aan die einde van 1880. Gedurende die eerste drie dae van die beleg van Potchefstroom het mense in hulle huise geskuil en niemand het dit in die strate of op Markplein, waar die koeëls heen en weer gevlieg het, gewaag nie. Met die oorgawe van die landdroskantoor deur die Engelse op 18 Desember 1880, slegs drie dae na die aanvang van vyandelikhede, was gevegte beperk tot die Engelse fort aan die westekant van die dorp. In die dorp self het ekonomiese- en sosiale bedrywighede weer begin lewe ten spyte van sekere regulasies wat deur generaal Piet Cronje, bevelvoerder van die Boermag, in die dorp aangekondig is (sien p.110).